# 15 Februarie 2024 - Lesing 238 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God se groot Liefde – 18/11/61

**NO: 8042** Julle moet My bedink, want My Liefde vir julle is baie groot en wil steeds maar gee en gelukkig maak. En Ek vra vêrder niks van julle as ‘n geopende hart nie, d.w.s. **julle wil om van My Liefdegawes in ontvangs te neem**. Maar dan sal julle ryklik geseën word, Ek sal julle geestelik en aards seën, - alles wat julle nodig sal nodig hê vir **liggaam en siel** sal julle ontvang, sodat julle julle weg oor die aarde met sukses sal kan aflê, om geestelik heeltemal ryp te geword het en die vereniging met My te gevind het, - **wat die sin en doel is van julle bestaan op aarde.**

Bedink julle My, want in alle volheid wil Ek My genade oor julle uitstort, omdat julle swak en hulpbehoewend is en julle sonder My hulp nie hoër sal kan kom nie. Maar Ek wil dat julle die kruin bereik, Ek wil dat julle weer word wat julle in die allereerste begin was: **Volmaakte wesens wat onuitspreeklik salig was**. Julle is ‘n deel van My en daarom moet julle ook met My verbonde wees.

Maar nog hou julle julleself ver van My, tensy julle julle hart vrywillig vir My open en begeer dat Ek Self besit neem van julle. Hierdie wil, **hierdie verlange, moet in julle lewend word** en daarvoor het julle krag en genade nodig, want julle is nog swakke wesens en julle bevind julle nog in die mag van My teenstander, solank julle julleself nog nie bewustelik by My aangesluit het deur julle wil nie.

En daarom span My Liefde Haarself voortdurend in om julle so tegemoet te tree, dat julle julleself deur Haar laat aanraak, - of ook: Ek skenk julle voortdurend liefdegawes sodat julle julleself na die Gewer sal wend, want eers dan word hierdie liefdegawes vir julle van waarde. Ek het julle lief en Ek wil slegs hê dat julle My Liefde voel, waartoe egter die oopmaak van julle hart nodig is, **‘n innerlike bereidwilligheid om die straling van My Liefde in ontvangs te neem**.

En dit laat julle My sien, wanneer julle aan My dink, wanneer julle dink aan ‘n God en Skepper van Wie julle as eie persoon uitgegaan het. Dan is julle wil al op My gerig en Ek gebruik elke sodanige geleentheid om julle dan liefdegawes te laat toekom, in welke vorm ook.

Ek leer julle om My woord te ken, Ek wakker in julle die verlange aan na ‘n verbintenis met Hom Wie julle as julle Skepper erken en Ek gee julle:

1. deur middel van **gedagtes** opheldering,
2. of laat julle **geskrifte** toekom wat ooreenstem met die waarheid,
3. of Ek bring julle met **mense** saam met wie julle geestelike gesprekke sal kan voer.

Ek bekommer My oor elkeen afsonderlik en sou graag in hulle harte Liefde na binne wil straal, sodat hierdie Liefde beantwoord kan word en julle nou bewustelik sal streef na die vereniging met My, Wie die ewige Liefde is.

Want Ek wil My voortdurend wegskenk, Ek wil julle, My skepsels, voortdurend gelukkig maak, omdat Ek ook voortdurend julle wederliefde wil ontvang, wat die oorspronklike verhouding herstel, wat ewige geluksaligheid beteken. En julle kan daarvan seker wees dat My Liefde julle nooit sal opgee nie, dat Sy julle sal agtervolg, ook wanneer julle julleself nog ver van My hou. Ek sal nooit rus voordat Ek ook julle liefde gewen het nie, **want beantwoorde liefde maak eers gelukkig**.

My Liefde vir julle hou egter nooit op nie, **omdat julle uit My Liefde voortgekom het**. En daarom sal Ek ook nooit ophou om My aan julle te skenk nie. Ek sal nooit ophou om julle te ondersteun om na My terug te keer nie. Ek sal voortdurend julle harte tref, al sluit julle julleself ook af, - eens sal die krag van My Liefde deurbreek, julle sal julle vrywillig aan Haar oorgee, julle sal julle in liefde met aandrang ‘n weg baan na My toe **en aan die geluksaligheid van gee en ontvang sal geen einde kom nie**.

Want My Oersubstansie is Liefde en ook julle sal weer na julle oorspronklike toestand terugkeer, omdat Ek julle nie opgee nie, omdat Ek julle voortdurend met My Liefde agtervolg totdat julle Myne geword het en vir ewig sal bly. Amein.